

29 Oktober

Johannes 6:60-71

(Teks: 6:64a en 67)

Glo opreg

Tussen ware gelowiges is daar ongelowiges. Dit is mense wat saamloop, maar nie werklik glo nie. Dit kan selfs kerkmense wees. Daarom roep Jesus se prediking in hierdie Skrifgedeelte ons elkeen op om opreg in Hom te glo.

Jesus het verkondig dat elkeen wat waarlik in Hom glo die ewige lewe het (Johannes 6:47). Sommige van die breë dissipelkring het gekla dat sy prediking nou te erg is om aan gehoor te gee. Sy prediking het vir hulle soos 'n strik geword wat hulle vashou. Jesus ontbloot hulle ongeloof deur ronduit te sê sommige van hulle glo nie in Hom nie. Die gevolg was dat baie van sy dissipels weggegaan het. So lei Jesus mense tot 'n bewuste keuse vir of teen Hom.

Dit beteken nie dat verlossing van 'n mens se vrye keuse afhang nie. Jesus se konfrontasie met die ongelowiges in die breë dissipelkring geskied te midde van onderrig oor die wedergeboorte (vers 63) en uitverkiesing (vers 65).

Jesus rig Hom tot die twaalf. Hulle wil tog nie ook weggaan nie, of hoe? Petrus antwoord met 'n kragtige belydenis in verse 68 en 69. Hy spreek die belydenis namens die twaalf uit. Maar tussen die twaalf sit Judas Iskariot. Hy was nie 'n gelowige nie.

Tussen die ware gelowiges is daar ongelowiges. Daar is geen rede om te glo dat dit vandag anders is nie. Daarom kom ons elkeen voor Jesus Christus te staan met óf ware geloof óf ongeloof. Glo opreg!

Sing Skrifberyming 45:1 en 12

Dr. J. le Roux (Pretoria-Brooklyn)